

‘Almal se oorsprong lê aan Suid-Kaapse kus’

Willemien Green

’n Groep wetenskaplike navorsers het die afgelope dekade genoeg inligting ingesamel om tot die slotsom te kom dat almal op aarde heel moontlik afstammeling is van dieselfde groep mense wat die Ystydperk aan die Suid-Afrikaanse kus oorleef het.

Navorsingspanne van die Universiteit van Arizona in Amerika, die Nelson Mandela-Universiteit (NMU) en ander instansies het die afgelope dekade argeologiese, botaniese, klimaatverwante en ander inligting in en rondom die Pinnacle Point-grotte naby Mosselbaai versamel.

Volgens dié navorsers is die versamelde inligting genoegsame bewys dat die groepie mense die Ystydperk ongeveer 195 000 tot 123 000 jaar gelede oorleef het.

Daarvolgens is ook bewys dat die mens eers in dié tydperk langs die Suid-Afrikaanse kusstrook vanaf Kaapstad tot by Port Elizabeth intellektueel begin ontwikkel het.

Artefakte bewys dat hulle byvoorbeeld vuur gebruik het om wapens te maak, rooi oker ge-



Die grotte by Mosselbaai se Pinnacle Point was ongeveer 165 000 jaar gelede moontlik die vesting van mense in die Middelsteentydperk.

bruik het om mee te versier en moontlik die maansiklus doppehou het om te bepaal wanneer die getye laag genoeg sou wees sodat hulle skulpvis kon versamel.

Dié ontdekkings word op die oomblik in *Point of Human Origin*, ’n unieke uitstalling, by die NMU uitgestal. Dit is saamgestel uit navorsing wat deur die Projek van die Suid-Afrikaanse Kus se paleoklimaat, paleo-omgewing, paleo-ekologie en paleo-anthropologie (SACP4-projek) gedoen is.

Prof. Curtis Marean, ’n paleoantropoloog en wêreldleier op die gebied verbonde aan die In-

stituut van Menslike Oorsprong aan die Universiteit van Arizona, is aan die stuur van die projek.

Prof. Richard Cowling, ’n botaniese en internasionaal erkende navorsers van die NMU, is die medenavorser.

Cowling het in 2015 die Sentrum vir Kusgeoriënteerde Paleowetenskap wat ten nouste met die projek verbind word, gevestig.

Navorsers van die projek het die jongste tegnologiese ingespan om die paleolandskap te herskep op grond van die artefakte wat hulle ontdek het, tesame met die fauna en flora wat in die gebied

voorkom.

Op die uitstalling kan ’n voorstelling van die Pinnacle Point-grot, PP13B, gesien word.

Die uitsonderlike handewerk is deur Marvin Carstens, ’n uitstallingbouer van die Bayworld-museum in Port Elizabeth, geskep.

Hy het ook verskeie artefakte soos wapens en selfs die horings en kopbeen van ’n prehistoriese buffel nageboots as voorstellings vir die uitstalling.

Dr. Erich C. Fisher, ’n assistentnavorsingswetenskaplike aan die Instituut van Menslike Oorsprong by die Universiteit van Arizona en ’n kenner op die gebied van rekenaargeoriënteerde argeologie, het baie van die foto’s en video’s wat op die uitstalling te sien is, asook die visuele rekenaartoer van een van die Pinnacle Point se uitgrawings-terreine verskaf.

■ Die uitstalling kan van Maandag tot Vrydag van 09:00 tot 16:00 tot die einde van die jaar op die Tweedelaan-kampus van die NMU se uitstalling-en-argief-sentrum besoek word.

Christelle Grobler, die kurator van hierdie sentrum, is ook die kurator van die uitstalling.